

Vrystaatjagtersvereniging jaarvergadering en prysuitdeling



Die Riemland Vrystaatjagtersvereniging Heilbrontak het Vrydag, 8 November hulle jaarlikse jaarvergadering en prysuitdeling gehad te Donsveertjie gasteplaas.

'n Verwelkoming en opening is gedoen aan 46 van die tak se lede wat die vergadering bygewoon het.

By die vergadering is bespreek dat lede 90 dae voor geweerlisensies verval, dit reeds moet hernu. Lede moet onthou om toegewyde status/CHASA beëdigde verklarings in te gee teen die laatste 25 November by Pierre Erasmus indien jy nie drie skietdae deur die loop van die jaar bygewoon het nie.

Die nuwe bestuur is verkies vir 2020 en is as volg:

Voorsitter:

Pierre Erasmus - 083 707 0819

Ondervoorsitter:

Japie Steyn - 082 770 5705

Tesourier/Sekretaresse:

Ericka Erasmus - 083 707 0779

Addisionele lede: Edward Muller, Hennie Viviers, Bennie Roets en Alwyn Swart.

Onderskeie toekennings is gemaak en die fotokompetisie is goed verteenwoordig.

Veelsydigste skut van die jaar is Arnold Engelbrecht wat die bekere vir Haelgeweer, Jaggeweer, Chasa sportskiet .22 en Chasa sportskiet jaggeweer gewen het. Die familie is 'n uitsonderlike span nadat sy vrou, Liezel Engelbrecht, as damesskut van die jaar aangewys is en die jonge heer Gerhard Engelbrecht as kuikenskut. Chanelle Engelbrecht het die trofee vir jeugdagskiet en groeperingskiet ontvang.

Junior lid van die jaar word aan Christiaan Muller toegeken.

Nog uitsonderlike prestasies is Jos Deysel

wat die beker vir .22 geweer ontvang het en Hennie Viviers - Handwapen.

Hennie Fourie oorhandig dan ook Chasa balkies aan die volgende persone:

Braam van Zyl - Silwer en Wybrandt du Toit - Goud.

Die Trofeemeet-kompetisie is gewen deur Jan Snyman.

Na al die verrigtinge is heerlik om die braaivleisvure gekuier.

Ledegeld vir 2020 is betaalbaar voor 31 Desember 2019.

Hiermee doen die Jagtersvereniging dan ook 'n beroep aan alle lede om volgende jaar asb. meer gereeld die skietoefeninge by te woon.

Op die foto regs: Lid van die jaar Pierre Erasmus oorhandig deur Ericka Erasmus.



Op die foto bo Pierre Erasmus en Ronel Snyman, wenner van foto-kompetisie.



Trofeemeet-kompetisie Jan Snyman deur Hennie Fourie oorhandig.



Op die foto bo ontvang Arnold Engelbrecht die beker vir die jaggeweer by Ericka Erasmus.

Suksesvolle Rolbal borgdag

Saterdag het alle rolbalpaaië weer hier by Heilbron Rolbalklub geëindig met die aanbieding van die eerste borgdag van die nuwe seisoen.

Vir die bestuur van die klub was dit 'n voorreg om die seisoen te begin met 'n vol baan van 56 spelers, spanne van Frankfort, Kroonstad, Senekal, Koppies, Heidelberg, Reitz, Vredefort en Vereeniging het kom deelneem tesame met 2 spanne van Heilbron.

Die eerste twee wedstryde van die oggend het goeie rolbal opgelewer en mededinging tussen die spanne was amper net so spannend soos die Wêldbekerrugby, die derde wedstryd na ete is vroeg beëindig deur 'n welkome reënbuie en die res van die wedstryd

is in die klubhuis "afgehandel"...

Die dag sou nie moontlik wees sonder bydraes deur die klublede, asook bydraes van Pakworks, OK Grocer en Telwiedré nie.

Wenners van die dag was Kroonstad Rolbalklub se Charl en Erika Sieberhagen, De Wet Steenkamp en Linda van Caspel.

Linda van Caspel is ook weer gekies om deel te neem aan die Meesterstoernooi wat gedurende Februarie by Wingatepark in Pretoria plaasvind, weereens 'n kompliment vir Valsrivier en NVS Rolbal Vereeniging.

Met die feesseisoen wat oppad is, is die dames reeds besig met beplanning van die jaarlikse Kersete.



Op die foto vl: Erika, Charl, De Wet en Linda.



Dylan "de Villiers"?

• Pieter Baan

Heilbron teken 174 lopies vir 8 paaltjies aan teen Sharpeville voor reën die wedstryd stop.

Dylan Winkler was ons man van die wedstryd met uitstekende 69 lopies. Baie geluk.

Lopies is ook gemaak deur; Pieter Baan (26), Kamran Arshad (22) en Geo Davel (17).

Volgende wedstryd teen Vanderbijlpark is Saterdag en begin 13:00 by Hoërskool Heilbron se veld.

Alle toeskouers is welkom. Kom ondersteun ons gerus.